Die taamlike skerp styging van ongeveer 12 persent in die invoer vanaf die vierde kwartaal van 1983 tot die eerste kwartaal van 1984 het uit 'n styging van ongeveer 9 persent in volume en 'n toename van naastebly 2½ persent in pryse bestaan. Laasgenoemde het in 'n groot mate die depresiasie van die rand in die eerste kwartaal weerspieël. Die meeste van die hoofklasse van invoer het in die eerste kwartaal 'n toename getoon, in besonder masjinerie en elektriese toerusting, onedele metale, vervoertoerusting, tekstiele, chemiese produkte en landbouprodukte. 'n Matige afname het egter in die klas mineraalprodukte voorgekom, ná 'n buitengewoon skerp styging in die voorafgaande kwartaal. Die verdere toename in die landbou-invoer het regstreeks verband gehou met die voortgesette droogte in groot dele van Suid-Afrika.

Alhoewel die goedere-uitvoer nog steeds op 'n opmerkbare hoër vlak as gedurende die eerste drie kwartale van 1983 was, het die uitvoerwaarde vanaf die vierde kwartaal van 1983 tot die eerste kwartaal


Lopende rekening van die betalingsbalans

(Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse)

R miljoene

	1983				1984
	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	1e kw.
Goedere-uitvoer	9 964	10 244	9 574	11 550	11 040
Netto goudproduksie	10 802	9 879	10 020	9 015	11 020
Goedere-invoer	-15 664	-14 579	-15 369	-18 260	-20 430
Netto dienste- en oordragbetalings	-4 182	-4 066	-3 592	-4 236	-4 540
Saldo op lopende rekening	920	1 478	633	-1 931	-2 910

Invoer en uitvoer van landbouprodukte





van 1984 met ongeveer 4½ persent gedaal. In volume-terme het die uitvoer met ongeveer 6 persent gedaal, maar uitvoerpryse het met ongeveer 1½ persent gestyg, gedeeltelik as gevolg van die depresiasie van die rand. Dalings het in die uitvoer van uraan, diamante en papier en papierprodukte voorgekom. Daarenteen is stygings in die uitvoer van ystererts en nikkell aange-teken. Verder het die landbou-uitvoer, in besonder wol en vrugte, in die eerste kwartaal matig gestyg, maar die vlak van hierdie uitvoer was nietemin aansienlik laer as in die ooreenstemmende kwartaal van 1983.

Die aansienlike styging in die netto goudproduksie in die eerste kwartaal was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n volumetoename, maar terselfdertyd was daar ook 'n verbetering in die randprys van goud. Op die Londense mark het die goudprys van 'n gemiddelde van VSA \$388 per fyn ons in die vierde kwartaal van 1983 tot VSA \$384 per fyn ons in die eerste kwartaal van 1984 gedaal. In terme van rand het die prys per fyn ons egter gedurende hierdie tydperk van R456 tot R473 gestyg. Daarna het die VSA dollarprys in Mei verder gedaal tot 'n gemiddelde van \$377 per fyn ons waarvan die rand-ekwivalent R482 bedra het.

Netto dienstebetalings aan buitelanders het in die eerste kwartaal verder gestyg weens hoër vrag- en versekeringbetalings op die hoër vlak van invoer. 'n Deel van hierdie styging is geneutraliseer deur klein dalings in ander vervoerbetalings en toeristebesteding.


Lopende rekening van die betalingsbalans



Kapitaalrekening

'n Netto uitvloeiing van kapitaal van R114 miljoen het in die eerste kwartaal van 1984 voorgekom, bestaande uit 'n netto invloeiing van langtermynkapitaal van R233 miljoen en 'n netto uitvloeiing van korttermynkapitaal (nie verwant aan reserwes nie) van R347 miljoen. Die netto invloeiing van langtermynkapitaal is verantwoord deur buitelandse lenings ten bedrae van R131 miljoen wat deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese aangegaan is, en netto aankope ten bedrae van R194 miljoen deur buitelanders van effekte wat op die

Netto kapitaalbewegings




Johannesburgse Effektebeurs genoteer is. Tevore, in al vier die kwartale van 1983, was buitelanders netto verkopers van genoteerde Suid-Afrikaanse effekte. Hierdie invloeiing van langtermynkapitaal is gedeeltelik geneutraliseer deur 'n uitvloeiing vanaf die Tesourie en die banksektor. Die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal was klaarblyklik 'n weerspieëling van ongunstige "vervroegings en vertragings" in buitelandse betalings en ontvangste wat berus het op verwagtings dat die rand voorlopig sou aanhou om te depresieer.

Veranderings in netto buitelandse reserwes en in laste verwant aan reserwes

Betalingsbalanstransaksies het veroorsaak dat die netto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die eerste kwartaal van 1984 met R562 miljoen gedaal het. Transaksies op die lopende rekening het R448 miljoen tot hierdie daling bygedra. Die netto lenings verwant aan reserwes wat deur die banksektor aangegaan is, het R71 miljoen beloop. Dit beteken dat 'n aanmerklike daling ook in die bruto buitelandse reserwes voorgekom het.

Goudprys, netto reserwes en wisselkoers



Wisselkoerse

Vanaf Julie 1982 tot September 1983 het die rand oor die algemeen in terme van die ander geldeenhede geappresieer, maar dit is vanaf Oktober 1983 deur 'n tydperk van depresiasie gevolg. Die rand het vanaf die einde van September 1983 tot die einde van die jaar met gemiddeld 7,7 persent teenoor alle ander geldeenhede gedeprasieer, met 3,3 persent gedurende die eerste kwartaal van 1984 en met 'n verdere 0,4 persent gedurende April en Mei. Vergeleke met die daling van 11,1 persent in die effektiewe wisselkoers van die rand gedurende die agt maande tot Mei 1984, het die rand met 14,3 persent teenoor die buitengewoon sterk VSA-dollar en met 15,7 persent teenoor die Japanse jen gedeprasieer. Die rand het ook teenoor die geldeenhede van al Suid-Afrika se vernaamste ander handelsvennootlande gedeprasieer, maar in 'n ietwat kleiner mate.

Veranderings in die wisselkoers van die rand

%

	Julie 1982 tot Sept 1983	Sept 1983 tot Des 1983	Des 1983 tot Mei 1984
Alle geldeenhede	11,2	-7,7	-3,7
VSA-dollar	4,2	-9,3	-5,5
Britse pond	20,9	-6,8	-0,8
Duitse mark	11,6	-6,6	-4,5
Switserse frank	5,7	-7,2	-1,7
Japanse jen	-4,1	-10,9	-5,5
Franse frank	21,7	-5,9	-3,9


Geld en bankkrediet*

Veranderings in geldhoeveelheid

Kwartaallikse veranderings in die geldhoeveelheid is weer eens deur die "disintermediasie" en "herintermediasie" van krediettransaksies verwring. Beskikbare inligting dui op taamlik omvangryke disintermediasie gedurende die vierde kwartaal van 1983 en herintermediasie gedurende die eerste kwartaal van 1984. Ná toelating vir hierdie verwringings is dit nietemin duidelik dat die aansienlike verlangsaming van die toename in die geldhoeveelheid gedurende die tweede helfte van 1983 deur 'n hernieude versnelling gedurende die eerste kwartaal van 1984 gevolg is.

Indien die kwantifiseerbare disintermediasie en herintermediasie in die vorm van veranderings in uitstaande terugkoop-ooreenkomste tussen bankinstellings en die nie-bank- private sektor by die geldhoeveelheidsyfers ingesluit word, het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die M2-begrip van die geldhoeveelheid, bestaande uit M1 plus korttermyndeposito's (uitgesonderd onmiddellik opeisbare

Veranderings in M2



*Vanaf 31 Maart 1984 is die bates en laste van die nuutgestigte Korporasie vir Openbare Deposito's in die gekonsolideerde bates en laste van die monetêre banksektor opgeneem. Die laste en bates van hierdie sektor op dié datum is ook aangepas om die likwidasië van die Nasionale Finansiële Korporasie te weerspieël. Met die oog op die berekening van die veranderings in die laste en bates van die monetêre banksektor vanaf Maart, is die sogenaamde "gesamentlike fondse" van die voormalige Staatskuld-kommissaris by die syfers voor Maart ingesluit.

Veranderings in monetêre totale*

(Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse)

%

	M1	M2	M3
1983: 1e kwartaal	28,6	27,9	26,7
2e kwartaal	65,1	18,6	13,4
3e kwartaal	14,0	17,8	11,7
4e kwartaal	10,2	5,4	—
1984: 1e kwartaal	36,5	14,6	12,3

*Insluitende terugkoop-ooreenkomste met die nie-bank- private sektor.

deposito's) en middeltermyndeposito's (insluitende spaardeposito's) van die nie-bank- private sektor, van 27,9 persent in die eerste kwartaal van 1983 tot 5,4 persent in die vierde kwartaal verlangsaam. Daarna het dit egter tot 14,6 persent in die eerste kwartaal van 1984 versnel. Die vergelykbare syfers vir M3*, wat benewens M2 ook alle ander deposito's van die nie-bank- private sektor by monetêre bankinstellings insluit, was 26,7 persent in die eerste kwartaal van 1983, nul persent in die vierde kwartaal en 12,3 persent in die eerste kwartaal van 1984. Die M1-syfers wat in die bygaande tabel getoon word, is van baie beperkte waarde as aanduiding van die monetêre uitbreiding gedurende die tydperk onder bespreking, aangesien hulle in groot mate verwing is deur 'n opmerklieke verskuiwing vanaf lang- en middeltermyndeposito's na onmiddellik opeisbare deposito's in reaksie op werklike en verwagte veranderings in rentekoerse sowel as in die rentekoersstruktuur, insluitende die invoering van rente op tjekdeposito's vanaf Maart 1983. Die bygaande tabel toon hierdie veranderings in die samestelling van die nie-bank- private sektor se besit aan deposito's by monetêre bankinstellings.

Samestelling van deposito's van die private sektor by monetêre bankinstellings

%

	1983		1984	
	30 Junie	30 Sept	31 Des	31 Maart
Tjek- en transmissie-deposito's	17,8	18,2	19,3	18,0
Ander onmiddellik opeisbare deposito's	34,8	35,9	37,4	41,4
Spaar- en middeltermyndeposito's	30,1	30,5	29,4	26,9
Langtermyndeposito's	17,3	15,4	13,9	13,7
Totale deposito's...	100,0	100,0	100,0	100,0


*In Suid-Afrika kan 'n sterk saak uitgemaak word daarvoor om ook bouverenigingdeposito's en -aandele in die M3-begrip van die geldhoeveelheid in te sluit. Hierdie aangeleentheid geniet tans die aandag van die Reserwebank en 'n meer omvattende M3-reeks sal mettertyd gepubliseer word.

Gesien oor 'n ietwat langer tydperk van twaalf maande het die groeikoers van M2 (insluitende terugkoop-ooreenkomste met die nie-bank- private sektor) verlangsaam van 21,9 persent in Mei 1983 tot 16,1 persent in Januarie 1984, voordat dit weer in Maart tot 18,0 persent versnel het. Die ooreenstemmende groeikoers van M3 het verlangsaam van 19,7 persent in Junie 1983 tot 10,3 persent in Januarie 1984, maar daarna tot 12,8 persent in Maart gestyg.

Binnelandse kredietverlening

Die vinniger toename in die geldhoeveelheid gedurende die eerste kwartaal van 1984 het hoofsaaklik verband gehou met 'n hoër koers van toename in die totale binnelandse kredietverlening, dit wil sê aan die private en owerheidsektor gesamentlik. Die gemete binnelandse bankkrediet syfers is aansienlik deur disintermediasie in die vierde kwartaal van 1983 en deur herintermediasie in die eerste kwartaal van 1984 verwing. Ten einde hierdie verwinging te verminder is terugkoop-ooreenkomste met die nie-bank- private sektor by die totale bankkrediet syfers ingesluit. Gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande het die groeikoers van die totale binnelandse kredietverlening versnel van 18,5 persent in Desember 1983 tot 20,3 persent in Maart 1984.

Veranderings in binnelandse kredietverlening *



Die groeikoers oor 'n tydperk van twaalf maande in die bankkrediet aan die private sektor (insluitende terugkoop-ooreenkomste met die nie-bank- private sektor) het versnel van 20,4 persent in Desember 1983 tot 21,5 persent in Februarie 1984, maar in Maart het dit verlangsaam tot 17,9 persent. In absolute terme het krediet aan die private sektor in die eerste kwartaal 'n aansienlike verdere toename getoon. 'n Ontleding van hierdie toename toon dat huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering verder gestyg het bo die hoë vlak van die voorafgaande kwartaal. Boonop het die handels-, aksep- en algemene banke se ander lenings en voorskotte, hoofsaaklik oortrokke rekenings, 'n aansienlike toename getoon.

Finansiële markte

Reserwebankoptrede

Die netto verkope van staatseffekte in die mark gedurende die eerste kwartaal van 1984, wat 'n seisoenale stram tydperk in die geldmark was, het slegs R52 miljoen bedra. Ten einde staatskuldbestuur te vergemaklik het die Bank se netto verkope van staatseffekte gedurende 1983 soveel as R2 000 miljoen bedra. Weens die seisoenale verruiming van die geldmark vanaf April, is verkope van staatseffekte deur die Bank weer verhoog. Netto opemarkverkope, wat ook daarop gerig was om die groei van die geldhoeveelheid te verlangsaam, het gedurende April en Mei R265 miljoen bedra. Boonop het die Bank gedurende hierdie twee maande belastingwissels ten bedrae van R750 miljoen verkoop.

Ten einde die geldmark gedurende die tydperk van seisoenale stramheid by te staan, het die Reserwebank gedurende die eerste kwartaal van 1984 voortgegaan om sekuriteite onder terugkoop-ooreenkomste van bankinstellings aan te koop. Aan die einde van Februarie, toe daar 'n aansienlike vloeï van belastingfondse na die Regering was, het die bedrag aan uitstaande terugkoop-ooreenkomste R950 miljoen bedra. In ooreenstemming met die daaropvolgende verruiming van die marktoestand, het hierdie bedrag tot R746 miljoen aan die einde van Maart gedaal en teen die tweede week van Mei het alle ooreenkomste afge-loop. Op 28 Mei is terugkoop-ooreenkomste ten bedrae van R300 miljoen vir 'n betreklik kort tydperk van tien dae aangegaan.

Aanvullend tot die aankope van sekuriteite kragtens terugkoop-ooreenkomste, het die Bank ook bankaksepteregstreks in die mark aangekoop. Aan die einde van Maart het die Bank se besit aan sodanige sekuriteite R90 miljoen bedra, maar aan die einde van April het al hierdie aksepte hul vervaldatum bereik.

Verdere bystand is gedurende die eerste kwartaal aan die mark verleen by wyse van die plasing van NFK-fondse op aanvraag by die diskontohuise. Aan die einde van Februarie het die bedrag op R194 miljoen te staan gekom, maar aan die einde van Maart, toe die NFK formeel gelikwideer is, het die Likwidateur slegs R12 miljoen op aanvraag by die diskontohuise gehou. Fondse wat deur die nuut-gestigte Korporasie vir Openbare Deposito's (KOD) op aanvraag by die diskontohuise gehou is het op 31 Maart R359 miljoen bedra, maar hierdie fondse is op 1 April onttrek.

Op 15 Maart is die likwiedebatevereistes vir bankinstellings verminder en is die vereiste besit aan kontantreserwes by die NFK afgeskaf. Die vereiste ten opsigte van korttermynverpligtings is van 30 persent tot 25 persent en dié ten opsigte van middeltermynverpligtings van 20 persent tot 18 persent verlaag.

Die invloed van natuurlike markkragte, die Bank se optrede en die verlaging van die likwiedebatevereistes is weerspieël in veranderinge in die bedrag van die sekuriteite wat deur die Bank vir die diskontohuise herfinansier is. Herfinansiering by wyse van herdiskonterings en oornaglenings het toegeneem van R1 532 miljoen aan die einde van 1983 tot R1 658 miljoen aan die einde van Maart en tot R2 221 miljoen aan die einde van April. Daarna het die bedrag van herfinansiering tot R2 009 miljoen aan die einde van Mei gedaal.

Korttermynrentekoerse


Gedurende die eerste kwartaal het korttermynrentekoerse gebly op die hoër vlakke waartoe hulle teen die einde van 1983 gestyg het. Aan die einde van 1983 het die koers op bankaksepte van drie maande op 18,10 persent gestaan en aan die einde van Maart was dit slegs marginaal hoër op 18,15 persent. Daarna het hierdie koers effens gedaal tot 18,00 persent op 30 Mei. Die skatkiswisseltenderkoerse het 'n matige toename getoon en van 17,62 persent aan die einde van 1983 tot 17,75 persent op 30 Maart gestyg. Op 30 Mei het hierdie koers ook op 17,75 persent gestaan. Die prima-oortrekkingskoerse van die verrekenings-

banke is teen die einde van Maart van 20 persent tot 'n oorheersende koers van 21 persent verhoog.


Kapitaalmarkbedrywigheid

In ooreenstemming met die hoër koers van toename in die geldhoeveelheid, is die verlangingsaming van die bedrywigheid in die kapitaalmark vanaf die tweede kwartaal van 1983 nie in die eerste kwartaal van 1984 voortgesit nie. In die mark vir vaste-rentedraende effekte het die waarde van effektebeurstransaksies in staatseffekte van R4 172 miljoen in die vierde kwartaal van 1983 tot R6 179 miljoen in die eerste kwartaal van 1984 toegeneem. Insgelyks het die omset van genoteerde aandele in die aandelemark van R741 miljoen


Korttermynrentekoerse



Aandelepryse



Transaksies in effekte en vaste eiendom



in die vierde kwartaal tot R1 045 miljoen in die eerste kwartaal toegeneem. Daar is egter aanduidings dat die omset in beide hierdie markte in April teruggekeer het tot 'n effens laer vlak. In die mark vir vaste eiendom het die waarde van transaksies van R2 790 miljoen in die vierde kwartaal van 1983 tot R3 047 miljoen in die daaropvolgende kwartaal toegeneem.

Die toename in bedrywigheid was egter nie so duidelik in die verbandmark nie. Nuwe verbandlenings toegestaan deur bouverenigings het effens afgeneem van R893 miljoen in die vierde kwartaal van 1983 tot R882 miljoen in die eerste kwartaal van 1984. Nuwe verbandlenings uitbetaal het egter gestyg van R1 161 miljoen in die vierde kwartaal tot R1 256 miljoen in die eerste kwartaal. Die effens laer bedrag van nuwe lenings toegestaan in die eerste kwartaal was die regstreekse gevolg van 'n kleiner inname van fondse. Die besit aan deposito's en aandele by bouverenigings is beïnvloed deur die algemene toename in likwiditeitsvoorkeur, soos weerspieël in 'n verskuiwing vanaf middel- en langtermyndeposito's na korttermyndeposito's. Ten einde die bedrag van verbandlenings werklik uitbetaal te verhoog in weerwil van 'n kleiner inname van fondse, moes die bouverenigings hulle

Veranderings in besit aan langertermynfondse by nie-kontrakteuele spaarinstellings

R miljoene

	1983				Jaar	1984
	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.		1e kw.
Bankinstellings	269	265	-493	-469	-428	-3
Bouverenigings	1174	416	469	414	2473	538
Deelnemingsverband- skemas	14	48	91	117	270	77
Staatspaarskemas	80	136	71	55	342	20
Totaal	1537	865	138	117	2657	632

beleggings verminder. Terselfdertyd het hulle leningsverplichtings 'n ooreenkomstige daling getoon.


Ten spyte van 'n kleiner inname van langertermynfondse deur die bouverenigings, deelnemingsverbandskemas en staatspaarskemas, was die totale toename in die besit aan sodanige fondse by die depositonemende en verwante instellings in die eerste kwartaal van 1984 opmerklik groter as in die vierde kwartaal van 1983. Die rede hiervoor was dat die skerp afname in die besit aan middel- en langtermyndeposito's by bankinstellings in die vierde kwartaal gevolg is deur 'n aansienlik kleiner afname in die eerste kwartaal. Van die onderskeie instellings wat meeding om langertermynfondse, was die bouverenigings weer eens die suksesvolste met die verkryging van sodanige fondse.

Langtermynrentekoerse

Net soos korttermynrentekoerse, het langtermynkoerse gedurende die eerste kwartaal van 1984 redelik konstant gebly. Die opbrengs op langtermynstaatseffekte het slegs marginaal gestyg van gemiddeld 13,64 persent in Desember 1983 tot 13,78 persent in Maart 1984. Die langtermynopbrengs op semi-prima-effekte van die hoogste graad het bykans onveranderd gebly, en gemiddeld 14,23 persent in Desember en 14,20 persent in Maart beloop. As 'n weerspieëling van die toename van 12 persent in aandelepryse op die effektebeurs van Desember 1983 tot Maart 1984, het die gemiddelde dividendopbrengs op alle klasse aandele afgeneem van 5,6 persent tot 5,1 persent. In April het langtermynopbrengskoerse tot effens hoër vlakke gestyg. Die gemiddelde opbrengskoerse op staatseffekte het 14,46 persent beloop, dié op semi-prima-effekte 14,67 persent en dié op alle genoteerde aandele 5,1 persent.

Depositorentekoerse het ook gedurende die eerste kwartaal van 1984 min verandering getoon. Die oorheersende koers op deposito's van twaalf maande het byvoorbeeld gedurende die eerste kwartaal onveranderd op 16,0 persent gebly, maar is in April tot 16,5 persent verhoog. Insgelyks het die bouvereni-

Langtermynopbrengskoerse



gings se woonhuisverbandkoers vir nuwe lenings onveranderd gebly op die vlakke waartoe dit in Desember 1983 verhoog is, naamlik 'n patroon van 16,25 – 18,75 persent. Op 29 Mei het sommige bouverenigings verhogings van 0,5 tot 0,75 persent in hulle verbandkoerse aangekondig. Dit sal met ingang Junie op nuwe lenings en vanaf 1 Julie op bestaande lenings van toepassing wees.


Staatsfinansies

Skatkisuitreikings* en -ontvangste

Skatkisuitreikings aan staatsdepartemente was in die eerste kwartaal van 1984, dit wil sê die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1983/84, 17 persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van 1983. Hierdie betreklik hoë koers van toename, vergeleke met die 14 persent in die eerste drie kwartale van 1983/84, was grotendeels toe te skryf aan die verhoogde uitgawes waarvoor in die Addisionele Begroting voorsiening gemaak is. Aan die ander kant was die skatkisontvangste slegs 7 persent hoër in die eerste kwartaal van 1984 as in die ooreenstemmende kwartaal van 1983, vergeleke met 'n gemiddelde koers van toename van 13 persent in die voorafgaande drie kwartale. In plaas van die gebruikelike surplus in die eerste kwartaal van die kalenderjaar (of die laaste kwartaal van die fiskale jaar), is daar derhalwe 'n tekort van R255 miljoen in die eerste kwartaal van 1984 aangeteken.

Skatkisuitreikings het gedurende die fiskale jaar 1983/84 in sy geheel met 15 persent toegeneem – 'n koers van toename wat aansienlik hoër was as die 10,3 persent wat in die oorspronklike 1983/84-Begroting in die vooruitsig gestel is. Die bykomende

Skatkisrekening



*Die Skatkisrekening is aangesuiwer vir veranderinge in die saldo op die Betaalmeestergeneraalrekening.

Regeringsinkomste in 1983/84

	Oorspronklike Begroting		Werklike inkomste	
	R miljoene	Persentasie-verandering	R miljoene	Persentasie-verandering
Inkomstebelasting- en huurbetalings deur goudmyne	1 810	6,5	2 222	35,0
Ander inkomstebelastingbetalings:				
Maatskappye uitgesonderd goudmyne	4 313	9,7	3 423	-11,4
Individue	5 301	22,0	5 681	32,1
Totaal	9 614	15,9	9 104	11,5
Indirekte belastings:				
Doeane- en aksynsreg	2 057	-12,3	1 937	-14,9
Algemene verkoopbelasting	3 955	20,2	3 874	21,7
Totaal	6 012	6,7	5 811	6,4
Ander inkomste	1 658	-7,4	1 885	-1,0
Totale inkomste	19 094	9,6	19 022	10,8

uitgawes wat aan die einde van die fiskale jaar deur die Parlement bewillig is, was onder andere ten opsigte van verbeterde diensvoorwaardes vir staatsamptenare, droogtehulp, subsidies en rentebetalings op die staatskuld.

Inkomste het in 1983/84 met 11 persent toegeneem – 'n effens hoër koers as die 9,6 persent waarvoor in die oorspronklike Begroting voorsiening gemaak is. Soos in die bygaande tabel getoon word, was hierdie hoër as verwagte koers van toename feitlik geheel en al toe te skryf aan die hoër ontvangste vanaf goudmynmaatskappye en individuele belastingbetalers. Eersgenoemde was 'n weerspieëling van 'n hoër goudprys in rand as wat vir doeleindes van die begrotingsramings gebruik is, terwyl laasgenoemde die invloed van 'n skerp styging in salarisse en lone sowel as "belasting deur inflasie" getoon het. Die meeste ander klasse van inkomste-invorderings het nie die begrotingsramings gehaal nie, veral die ontvangste van inkomstebelasting vanaf maatskappye, uitgesonderd goudmyne, en doeane- en aksynsreg.

Finansiering van die 1983/84 inkomste-tekort

As gevolg van die hoër uitgawes, het die inkomste-tekort in 1983/84 R3 685 miljoen bedra, in plaas van die R2 082 miljoen wat in die Begroting in die vooruitsig gestel is. In die finansiering van hierdie tekort is 'n bedrag van R1 673 miljoen van die nie-bank- private sektor geleen, hetsy regstreeks of deur middel van die Reserwebank se verkope van staatseffekte wat op aanvraag by die Tesourie verkry is. Die Staatskuldkommissarisse (Openbare Beleggingskommissarisse vanaf 31 Maart 1984) het R2 536 miljoen tot die finansiering van die tekort bygedra deur middel van netto beleggings in staatskuldbewyse, wat die belegging van die opbrengs uit die verkoop van die Regering se aandeel in Sasol ingesluit het. Netto buitelandse lenings het gedurende 1983/84 R183 miljoen bedra. Suksesvolle lenings by die binnelandse nie-bank- en


buitelandse bronne het die Regering in staat gestel om sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met R707 miljoen te verminder.

Begroting van die Sentrale Regering vir 1984/85

Die Minister van Finansies het die Begroting van die Sentrale Regering vir 1984/85 op 28 Maart 1984 aan die Parlement voorgelê. In sy beoordeling van die implikasies van die heersende ekonomiese toestand vir monetêre en fiskale beleid in die komende jaar, het die Minister verklaar dat Suid-Afrika teenoor sekere harde werklikhede te staan gekom het wat vereis dat 'n tydelike onderbreking van die proses van ekonomiese groei aanvaar moet word. Die dollarprys van goud het sedert die derde kwartaal van 1983 verder gedaal en betreklik laag gebly, die land het steeds 'n ernstige droogte ondervind, en die nie-gouduitvoer het traag gebly. Net soos in die voorafgaande jaar het die Minister, sover dit beleid betref, besluit op 'n middeweg wat uiterstes sou vermy. In terme van hierdie besluit sou die wisselkoers toegelaat word om matig te daal, terwyl 'n konserwatiewe kombinasie van fiskale en monetêre beleid, met inbegrip van hoë rentekoerse, terselfdertyd toegepas sou word met die doel om die totale vraag en besteding te beteuel. Die onmiddellike oogmerke van so 'n beleid sou wees om 'n gesonde betalingsbalans te handhaaf en om die inflasiekoers te verlaag as 'n voorvereiste om optimale en stabiele ekonomiese groei oor die langer termyn te verwesenlik.

Om hierdie doel te bereik, is dit belangrik geag om die kombinasie van fiskale en monetêre beleid te verbeter. In 1983/84 het die tekort voor lenings tot bó die gewenste vlak gestyg en alhoewel dit sonder die skepping van nuwe geld gefinansier is, is daar perke aan 'n finansieringsbeleid van hierdie aard. Dit mag beteken dat die Staat lopende uitgawes deur middel van lenings finansier, wat vermy behoort te word, of dat verhoogde uitgiftes van staatseffekte op die

Staatsinkomstefonds — persentasieverandering in belangrikste inkomste-komponente



kapitaalmark rentekoerse laat styg en ander verdienstelike leners in die openbare sowel as die private sektor "verdring". Om 'n oormatige groot begrotings-tekort te vermy, was dit nodig om die toename in staatsbesteding te verminder en betreklik matige belastingaanpassings te maak.

Dienooreenkomstig is sommige doeane- en aksynsregte verhoog, die belastingkoers van maatskappye, uitgesonderd goud- en diamantmyne, is van die bestaande 46,2 persent (insluitende 'n toeslag van 10 persent) tot 50 persent verhoog en die toeslag op goud- en diamantmyne is van 15 tot 20 persent verhoog. Ten einde die effektiewe koers van maatskappybelasting te verhoog, is sekere aansporings- en beleggingstoelaes verminder. Daar is ook aangekondig dat 'n belasting op byvoordele vanaf 1 September ingestel sal word. Bo en behalwe die verhoging van belasting, het die Minister voorgestel dat R259 miljoen van die opbrengs uit die verkoop van die Regering se aandeel in Sasol aangewend word om die inkomste aan te vul.

Die uitgawes vir 1984/85 is op R24 945 miljoen geraam, wat 'n styging van 11,7 persent, op 'n vergelykbare basis, met die verwagte uitgawes in 1983/84 verteenwoordig. Die inkomste is op R21 977 miljoen, of 15,4 persent meer as die voorlopige syfer vir 1983/84, geraam. Dit het 'n tekort van R2 968 miljoen gelaat, wat na raming ongeveer 3 persent van die bruto binnelandse produk sal bedra. Met in agneming van die leningsaflossings ten bedrae van R2 175 miljoen, is die totale finansieringsbehoefte op R5 143 miljoen geraam.

Vervolgens het die Minister van Finansies op 11 Mei aangekondig dat die algemene verkoopbelasting op sekere basiese voedselsoorte met ingang 1 Julie afgeskaf gaan word en dat die koers ten opsigte van alle ander artikels van 7 tot 10 persent verhoog gaan word. Na raming sal hierdie maatreëls in 1984/85 bykomende inkomste ten bedrae van R800 miljoen meebring.

Opmerkings oor tabelle

Herstrukturering van Staatskuldkommissarisie, stigting van die Korporasie vir Openbare Deposito's en ontbinding van die

Nasionale Finansiëkorporasie

Wetgewing wat onlangs deur die Parlement* aange- neem is, het met ingang 31 Maart 1984 vir die her- strukturering van die Staatskuldkommissarisie, die ontbinding van die Nasionale Finansiëkorporasie van Suid-Afrika en die stigting van die Korporasie vir Openbare Deposito's voorsiening gemaak. Hierdie wetgewing het belangrike veranderings in die finansiële struktuur van Suid-Afrika tot gevolg gehad en het die samestelling en vergelykbaarheid van sekere reekse wat in die statistiese tabelle van die *Kwartaalblad* gepubliseer word, beïnvloed. Die doel van hierdie opmerkings is om in breë trekke 'n uiteensetting van die betrokke wetgewing te voorsien, die invloed van die verandering in die finansiële struktuur op bepaalde statistiese reekse aan te toon en om uitgesoekte ge- gewens oor die nuutgestigte Korporasie vir Openbare Deposito's aan te bied.

Hoof trekke van nuwe wetgewing

Die funksie van die Staatskuldkommissarisie is in 1911 neergelê. Die Kommissarisie is belas met die bewaring en belegging van bepaalde fondse, hoofsaaklik trust- en pensioenfondse van die openbare sektor. Hulle funksies is oor die jare uitgebrei om die bestuur van die Plaaslike Leningsfonds en die Algemene Delgingsfonds in te sluit. Fondse gedeponeer by die Kommissarisie is in goedgekeurde effekte belê en is in die praktyk in twee klasse verdeel, enersyds die sogenaamde "toegedeelde fondse" en andersyds die sogenaamde "gesamentlike fondse". Toegedeelde fondse is namens individuele deposante belê en die opbrengs op elke belegging is na die betrokke deposant gekrediteer. Die gesamentlike fondse is gemeenskaplik belê en deposante is 'n voorafbepaalde rentekoers, wat verband gehou het met die koers vir tender-Skatkisswissels, op hulle deposito's betaal. Die gesamentlike fondse was hoofsaaklik van 'n korttermyn aard, wat op aanvraag opeisbaar was en het groot skommelings van maand tot maand en van jaar tot jaar getoon. Die onbestendigheid van hierdie fondse, die probleem om 'n gepaste termynstruktuur vir die ooreenstemmende beleggings te handhaaf en die invloed van groot veranderings in die rentekoerse, het in 1982 aanleiding gegee tot die aanstelling deur die Minister van Finansies van 'n Komitee van Onderzoek na die Beleggings van die Staatskuldkommissarisie. Die aanbevelings van die Komitee is in die twee wette van die Parlement waarna in die voetnoot ver- wys is, vervat.

Die *Wet op die Openbare Beleggingskommissarisie*, 1984 het vir die rasionalisasie van die funksies van die Staatskuldkommissarisie voorsiening gemaak. Ten eerste is hulle gesamentlike fondse op 31 Maart 1984

na 'n nuwe organisasie, die Korporasie vir Openbare Deposito's, oorgeplaas. Ten tweede is al die oorblywende bates en laste na 'n nuutgestigte instelling, die Openbare Beleggingskommissarisie, bestaande uit die drie Kommissarisie wat voorheen as Staatskuldkommissarisie opgetree het, oorgedra. Ten derde is 'n uitvoerende komitee in die lewe geroep om die werksaamhede van die Kommissarisie te bestuur. Ander kleinere veranderings is ook in die Wet vervat, insluitende die veranderings in die Kommissarisie se beleggingsveld en die afskaffing van die Reserwe- fonds en die Algemene Delgingsfonds. Die afskaffing van die Algemene Delgingsfonds het, onder andere, die kansellasië van 'n groot bedrag aan staatseffekte tot gevolg gehad. Die nuwe Openbare Beleggingskommissarisie is gevolglik hoofsaaklik belas met die funksie om as beleggingstussenganger vir langtermyn openbare fondse op te tree. Hulle sal in die toekoms slegs fondse namens deposante in goedgekeurde effekte belê en sal ook in staat wees om fondse tydelik in nie-bemerkbare Skatkisswissels en by die Korporasie vir Openbare Deposito's te belê.

Die *Wet op die Korporasie vir Openbare Deposito's*, 1984 het voorsiening gemaak vir die stigting van die Korporasie vir Openbare Deposito's as 'n volle filiaal van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Daggeld wat in die openbare sektor vir belegging beskikbaar is sal by die Korporasie belê word en soos hierbo vermeld is, is alle gesamentlike fondse wat aan die einde van Maart by die Staatskuldkommissarisie gehou is, meesal dag- geld by die Kommissarisie, op 31 Maart 1984 na die Korporasie oorgedra. Die Wet laat die Korporasie toe om openbare deposito's, asook ander deposito's wat deur die Minister van Finansies goedgekeur is in 'n wye reeks, hoofsaaklik korttermyn effekte, te belê. Dit sluit in spesiale Skatkisswissels wat deur die Tesourie aan die Korporasie beskikbaar gestel word en wat op aanvraag terugbetaalbaar is.

Bo en behalwe die gesamentlike fondse van die Staatskuldkommissarisie, is openbare sektor- en goedgekeurde ander deposito's wat by die voormalige Nasionale Finansiëkorporasie gehou is sowel as sommige van sy beleggings, op 31 Maart 1984 na die Korporasie vir Openbare Deposito's oorgedra. Op daardie datum het die balansstaat van die Korporasie vir Openbare Deposito's die volgende behels:

R miljoene			
Laste		Bates	
Kapitaal	2	Beleggings	
Daggeld	2 090	Staatskuldbey- wyse	1 719
		Ander beleg- gings	372
		Ander bates	1
Totaal	2 092	Totaal	2 092

*Die *Wet op die Openbare Beleggingskommissarisie*, 1984 (Wet No. 45 van 1984) en die *Wet op die Korporasie vir Openbare Deposito's*, 1984 (Wet No. 46 van 1984).

Tabelle wat die laste en bates van die Korporasie toon, sal in toekomstige uitgawes van die *Kwartaalblad* gepubliseer word.

Die *Wet op die Korporasie vir Openbare Deposito's*, 1984 het ook vir die likwidasië van die Nasionale Finansiële Korporasie van Suid-Afrika voorsiening gemaak. Dit het die einde van 'n era in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse geldmark gekenmerk. Die Nasionale Finansiële Korporasie is in 1949 gestig om tydelik ledige fondse van Suid-Afrikaanse ondernemings vir belegging in korttermyn Suid-Afrikaanse effekte te mobiliseer en het die ontwikkeling en bevordering van 'n plaaslike geldmark as sy hoofdoel gehad. Die Nasionale Finansiële Korporasie (NFK) het daarin geslaag om hierdie doelstellings te bereik. Soos dit deur die Adjunk-Minister van Finansies gestel is tydens die indiening van die wetgewing, "sy ontbinding word voorgestel nie omdat hy misluk het nie, maar omdat hy op so 'n suksesvolle wyse die taak voltooi het wat aan hom opgedra is".

Implikasies vir statistiese reekse

Die oordrag van die gesamentlike fondse gehou deur die Staatskuldkommissaris na die nuutgestigte Korporasie vir Openbare Deposito's, die Korporasie se noue verbintenis met die Reserwebank, en die moontlikheid om die fondse van die Korporasie aan te wend om die doeltreffendheid van die Reserwebank se monetêre bestuur aan te vul, het gelei tot die besluit om die Korporasie vir Openbare Deposito's by die monetêre banksektor in te sluit. Hierdie stap, sowel as die institusionele veranderinge waarna hierbo verwys is, het belangrike implikasies vir 'n aantal statistiese tabelle en reekse gegewens wat in hierdie *Kwartaalblad* gepubliseer word, soos hieronder aangedui sal word.

Nasionale Finansiële Korporasie van Suid-Afrika

As gevolg van die ontbinding van die Nasionale Finansiële Korporasie op 31 Maart 1984, is die statistiese tabelle met die laste en bates van die Korporasie (tabelle S-4 en S-5 in vorige uitgawes van die *Kwartaalblad*) gestaak.

Monetêre banksektor: Laste en bates (Tabelle S-24 tot S-27)

Geld en kwasi-geld (Tabelle S-28 en S-29)

Oorsake van veranderinge in geld en kwasi-geld (Tabel S-30)

Die vergelykbaarheid van 'n aantal statistiese reekse in die bogenoemde tabelle is vanaf Maart 1984 deur die insluiting van die Korporasie vir Openbare Deposito's by die monetêre banksektor, en die ontbinding van die Nasionale Finansiële Korporasie, beïnvloed.

Geldmark- en verwante rentekoerse (Tabel S-31)

As gevolg van die ontbinding van die Nasionale Finansiële Korporasie, is die statistiese reeks oor die daggeldkoerse van die Korporasie, wat in vorige uitgawes van die *Kwartaalblad* in hierdie tabel gepubliseer is, gestaak. 'n Nuwe reeks oor die interbankdag-geldkoerse van die belangrikste handelsbanke word in die plek daarvan gepubliseer.

Skatkisrekening (Tabel S-54 en S-55)

Die insluiting van die Korporasie vir Openbare Deposito's by die monetêre banksektor vanaf 31 Maart 1984 en die daarmee gepaardgaande veranderinge het gelei tot 'n aansienlike tegniese verskuiwing op daardie datum in die bronne van finansiering deur die Tesourie aangewend, naamlik vanaf die Staatskuldkommissaris na die monetêre banksektor. Twee basiese reekse is beïnvloed, naamlik reeks 4045, verandering in die netto skuldposisie van die Skatkis teenoor die Openbare Beleggingskommissaris/ Staatskuldkommissaris, en, as 'n kontra-aansuiwering, reeks 4047, die verandering in die monetêre banksektor se besit aan staatskuldbewyse. Aangesien die bogenoemde institusionele veranderinge op die laaste dag van Maart plaasgevind het, wat ook saamgeval het met die einde van die Regering se fiskale jaar, is die beleggings van die Korporasie vir Openbare Deposito's ingesluit by dié van die Openbare Beleggingskommissaris aan die einde van Maart met die doel om vir oorsigdoeleindes die veranderinge in die betrokke statistiese reekse gedurende die eerste kwartaal van 1984 en gedurende die fiskale jaar 1983/84 te bereken.

Bemerkbare skatkiswissels volgens besitter (Tabel S-59)

Binnelandse bemerkbare effekteskuld van sentrale regering volgens besitter (Tabelle S-60 en S-61)

Nie-bemerkbare staatskuld van die sentrale regering volgens besitter (Tabel S-62)

Die vergelykbaarheid van sekere reekse in die bogenoemde tabelle is deur bogenoemde veranderinge beïnvloed, in besonder die besit aan staatskuldbewyse deur die Staatskuldkommissaris en die monetêre banksektor.

Openbare Beleggingskommissaris (Tabel S-64)

In terme van die nuwe wetgewing, belê die Openbare Beleggingskommissaris nou slegs toegedeelde fondse vir bepaalde deposante. Soos hierbo gemeld word fondse nie meer namens die Algemene Delgingsfonds geadministreer nie aangesien dit op 31 Maart 1984 afgeskaf is. Hierdie veranderinge word vanaf die einde van Maart in hierdie tabel weerspieël.